

BYBELSONDAG

1. **Lees 2 Timoteus 3:14 – 4:4** eers hardop in groep, en dan elkeen saggies op eie 1 keer (hou punt 2 in gedagte)
2. **Deel in groep:** Wat in die gedeelte (spesifiek oor die Woord van God) staan vir jou uit, en hoekom?
3. **Deel met die groep:** Wat is die vers in die Bybel wat vir jou uitstaan, vir jou die meeste beteken. Hoekom?
4. **Deel in groep:** As die Bybel ons help met al die dinge in Timoteus 3 en 4 genoem (bv “om ons in die waarheid te onderrig”), hoekom lees ons nie ons Bybels nog meer nie? Wat maak dat ons nie nog meer by ons Bybels uitkom nie?
5. **Wat dink julle in die groep:** Gebruik mense (dink aan jou familie, kollegas, vriende) nog in die algemeen die Bybel vandag om te onderskei tussen reg en verkeerd, wat God se wil is, ens., of glo mense al minder in die Bybelse waarhede, lees dit nie, sien dit as net bv ‘n geskiedenisboek?
6. Besef ons, of het ons nog waardering vir die feit dat ons elkeen ons eie Bybel kan hê (en mag besit sonder dat ons vervolg word), en daarby nog in ons eie taal? **Deel met mekaar** maniere oor hoe ons meer van hierdie voorreg bewus kan word/wees.
7. **Beplan saam:** hoe kan julle as groep sorg dat daar vanjaar nog (soveel Bybels as wat julle in die groep is) aangekoop en versprei kan word (besluit oor bv in watter taal, watter mense, wanneer vanjaar dit gaan gebeur).
8. **Bid saam en dank die Here vir Sy Woord** wat ons bevoordeel is om in ons eie taal te mag hê, en vra die Here om julle te help om meer te maak van Sy Woord, en om dit meer te waardeer en te gebruik.